

Aktiwiteite vir 'n lekker besige vakansie!

Die skoolvakansie is hier, maar moenie dink ure voor die televisie is jou enigste opsie om jou kinders besig te hou nie. Maak 'n paar planne vir lekker speel saam met jou kind of kinders.

Dis makliker as daar STEEDS 'n bietjie STRUKTUUR is.

Alhoewel ouers dit ook gedurende skoolvakansies geniet dat hulle nie soveel beheer oor hul kinders hoef uit te oefen nie en hulle ook 'n blaaskans kry, moet alle reëls nie noodwendig oorboord gegooi word nie. Skep steeds 'n roetine rondom opstaan- en slaaptye. Sorg ook dat maaltye gereeld en min of meer op dieselfde tye geëet word.

Beplanning, al is dit op 'n kleiner skaal, is steeds belangrik. Hou dit eenvoudig, maar stel 'n program op waarin sekere aktiwiteite fo gebeur afgebaken word vir die vakansie. So kan daar besluit word op een groter aktiwiteit, wat dalk 'n uitstappie is en ander aktiwiteite wat sommer by die huis gedoen kan word. Kinders kan maklik in die strik trap om sommer elke dag vir die hele dag TV te kyk, of rekenaarspeletjies te speel, as mens nie behoorlik beplan nie.

Ek noem graag 'n paar pretaktiwiteite, wat sommer terselfdertyd belangrike vaardighede aanleer of ontwikkel, sonder dat hul dit eers agterkom!

1 LUISTERSPELETJIE

Neem 'n klomp verskillende voorwerpe. Laat jou kind- of kinders daarna kyk. Dan moet hy sy oë toemaak terwyl jy 'n geluid met een van die voorwerpe maak. Laat hom raai watter voorwerp dit is. Jy kan byvoorbeeld jou vingers oor 'n kam trek, of 'n glas liggies tik, of 'n pot met 'n lepel slaan.

Leerbonus Die speletjie verbeter luistervaardighede, wat die eerste stap na goeie kommunikasievaardighede is, klankherkenning, wat 'n voorvaardigheid vir lees is.

2 BINGO MET FOTO'S

Neem nege familiefoto's en rangskik dit in rye van drie. Gee jou kleuters dan nege speelkaarte elk – dis hul bingo-skyfies. As jy uitroep “Sussie!” of “Oupa!” moet hulle die foto met die kaart toemaak. Die wenner is die een wie se ry eerste vol is.

Leerbonus Dié speletjie oefen jou kinders se geheue en leer hulle sommer ook wie almal in die uitgebreide familie is.

3 ONTHOUSPELETJIE

Laat die kinders in 'n kring sit. Die eerste speler sê: “In my piekniekmandjie het ek 'n vurk gepak.” Die volgende kind vervolg met: “In my piekniekmandjie het ek 'n vurk en 'n mes gepak.” Die volgende speler herhaal alles wat die spelers voor haar gesê het en voeg haar eie item by, en so gaan dit aan tot almal lekker deurmekaar is en glad nie meer kan onthou wat alles in die mandjie is nie.

Leerbonus Die speletjie moedig 'n vinnige verstand, kreatiwiteit en woordeskat aan. Die kleinspan moet aandag gee aan wat die ander sê en terselfdertyd aan hul eie item dink. As die voor die hand liggende items klaar genoem is, moet hulle kreatief wees en aan ander moontlikhede dink.

4 BALLONSPELETJIE

Gee vir elke kind twee ballonne. Sodra jy roep “begin!”, moet hulle saam-saam al die ballonne vir 'n vasgestelde tyd in die lug hou – spring weg met 30 sekondes. As hulle gekonfyt is, kan hulle die ballonne met hul neus of net een vinger in die lug hou.

LEERBONUS Dié speletjie help koördinasie en balans ontwikkel.

Veiligheid KOM eerste Moenie kinders onder drie dié speletjie laat speel nie; ballonne hou 'n verstikkingsgevaar in



5 DAARAAN HET EK NOOIT GEDINK NIE!

Maak 'n paar goed bymekaar soos 'n pot, teelepel en koppie. Gee elke speler 'n minuut om soveel goed moontlik uit te dink wat hulle met daardie ding kan doen. 'n Emmer kan byvoorbeeld 'n stoel wees, 'n bêreboks, 'n vullisblik of 'n trom.

Leerbonus Jou kinders leer kreatiwiteit en probleemoplossing.

6 BINNENSHUISE NETBAL

Hou al die sokkies eenkant nadat jy die wasgoed laat droog word het. Wys jou kind hoe om die sokkies in pare te sorteer en dan in balletjies op te rol. Pak nou 'n paar skoendose 'n entjie weg en skryf 'n gesinslid se naam op elkeen. Jou kind moet dan die regte sokkies in die regte skoendoos gooi.

Leerbonus Jou kind raak gewoond daaraan om met huistakies te help.

7 VOELSPELETJIE

Sny met 'n messie 'n gat in die kant van 'n skoendoos. Steek iets in die doos weg, sit die deksel op en laat jou kinders hul hand deur die gat steek en raai wat binne-in is. Dit kan iets alledaags wees, soos 'n kam, of lekker grillerig, soos gaar pasta. Of maak 'n paar bakkies vol goed, blinddoek jou kind en laat haar daardeur voel en raai wat dit is: druiwekorrels, staalwol, droë boontjies of meel?

Leerbonus Dit verbeter denkvaardighede, woordeskat en konsentrasie. Dit stimuleer kinders se sintuie, wat help om nuwe breinpaadjies te

vorm. Dié speletjie is ook uitstekend vir kinders met sensoriese probleme soos tasdefensiwiteit.

8 KEGEL-KASKENADES

Pak sowat ses leë klein waterbottels op 'n ry – dis jou kegels. Laat die kleinspan aan die ander kant van die vertrek staan en met 'n rubberbal die kegels omrol. As die kegels te maklik omval, kan jy water of sand daarin gooi om dit swaarder te maak.

Leerbonus Dié speletjie leer jou kinders beplanning en bevorder motoriese ontwikkeling.

9 SPEELGOEDRUIL-KUIER

Nooi maatjies om speelgoed te bring wat hulle nie meer wil hê nie en wat nog in 'n goeie toestand is. Stal al die speelgoed uit en laat die kinders dan nommers trek om te kyk wie eerste 'n “nuwe” speelding kan kies.

LEERBONUS Dis 'n speletjie wat kinders begin gewoon maak aan die idee van deel.

10 DISKOJOL

Wie gee om of disko nou in of uit die mode is, dié speletjie bly steeds groot pret, veral in die aand. Trek die gordyne toe, verdoof die ligte of skakel dit heeltemal af, stop 'n flits in elke kind se hand en gee elkeen 'n klein serpie om rond te swaai. Sit nou lekker dansmusiek op (soos Snotkop se Ek Hou van Jol of Abba se Dancing Queen) en kyk hoe die kleinspan dit flou kap.

LEERBONUS Al die pret ontwikkel kinders se groot motoriese vaardighede en sin vir musiek en ritme.

Wees kreatief en beplan 'n lekker uistappie saam met jou kind; 'n lekker dag hoef jou nie duisende rande uit die sak te jaag nie. Hier is 'n verdere paar voorstelle wat as inspirasie kan dien:

1. Gaan hou piekniek in 'n parkie naby jou huis, of sommer in jou eie tuin, as 'n parkie nie binne bereik is nie. Betrek jou kind by die inpak van jul piekniekmandjie deur hulle byvoorbeeld te vra om worsies en stukke kaas op tandestokkies te help inryg. Of vat papierborde saam wat hulle kan versier deur daarop te teken.
2. Vind uit watter vakansieprogramme jou plaaslike biblioteek beplan. Biblioteke het dikwels wonderlike aktiwiteite en leeshoekies wat kleingood ure kan besig hou sonder dat dit jou enigiets uit die sak jaag.
3. Doen saam met jou kind 'n goeie daad of vrywilligerswerk. Julle kan byvoorbeeld saam 'n tehuis vir bejaardes gaan besoek en vir die inwoners 'n tuisgemaakte kaartjie of 'n blommetjie gee. Gesels met jou kind oor hoekom julle dit doen en hoor hoe hulle wil of kan help.